

Die Sendbrief van Jakobus

Hoofstuk 3

Verse :1-12

Moenie baie leermeesters wees nie, my broeders, omdat julle weet dat ons 'n groter oordeel sal ondergaan. Want ons almal struikel dikwels. As iemand in woorde nie struikel nie, is hy 'n volmaakte man, in staat om ook die hele liggaam in toom te hou. Kyk, ons sit stange in die perde se bekke, sodat hulle ons gehoorsaam kan wees, en ons stuur hulle hele liggaam daarmee. Kyk, ook die skepe, alhoewel hulle so groot is en deur hewige winde voortgedryf word, word gestuur deur 'n baie klein roer net waarheen die stuurman wil. Net so is die tong ook 'n klein lid en beroem hom op groot dinge – kyk hoe 'n groot hoop hout steek 'n klein vuurtjie aan die brand. Die tong is ook 'n vuur, die wêreld van ongeregtheid. Net so 'n plek neem die tong onder ons lede in; dit besmet die hele liggaam en steek die hele lewensloop aan die brand en word uit die hel aangesteek. Want elke soort natuur van wilde diere en voëls en kruipende sowel as seediere word getem en is getem deur die menslike natuur. Maar die tong kan geen mens tem nie; dit is 'n onbedwingbare kwaad, vol dodelike gif. Daarmee loof ons God en die Vader, en daarmee vervloek ons die mense wat na die gelykenis van God gemaak is. Uit dieselfde mond kom seën en vervloeking. Dit, my broeders, behoort nie so te wees nie. 'n Fontein laat tog nie uit dieselfde oog vars en bitter water opborrel nie? 'n Vyeboom, my broeders, kan tog nie olywe voortbring, of 'n wingerdstok vye nie? So kan geen fontein brak en vars water voortbring nie. (Jakobus 3:1-12 AFR53)

Vers 1

Moenie baie leermeesters wees nie, my broeders, omdat julle weet dat ons 'n groter oordeel sal ondergaan. (Jakobus 3:1 AFR53)

In die gedeelte begin Jakobus om 'n nuwe saak te behandel.

Net soos die vorige gedeeltes, is hierdie gedeelte ook baie prakties op die lewe ingestel:

- Pasop vir jou tong!
- Jou praatgoed kan baie moeilikheid maak!
- Die moeilikheid wat deur jou tong veroorsaak word, is sonde!

Die eerste vermaning is: Moenie baie leermeesters wees nie!

Die Griekse woord is nie wees nie, dit is word!

Dié woord word gewoonlik vertaal met: tot stand kom/gebeur/word.

Letterlik staan hier: Moenie ingroei (tot stand kom) in baie onderwysers in nie!

Moenie in groot getalle leraars en leermeesters word nie. Dit klink verwarrend (dalk selfs skokkend!), want dit sal tog baie goed wees as baie mense die evangelie kan uitdra.

Die oplossing lê in die lesers se Joodse agtergrond:

- Hulle kom uit die Judaïsme.
- Daar was baie leermeesters: Fariseërs en Skrifgeleerdes wat met 'n houding van groot meerderwaardigheid hulle wil op die lidmate afdra.

Kyk mooi na wat Jakobus skryf: Hy skryf nie dat dit verkeerd is om te leer nie! Hy lê die klem op die

woord: word (wat in Afrikaans vertaal is met wees).

- Dit gaan oor verwaandheid!
- As almal leermeesters wil wees, is daar geen leerling in die klas oor nie!
- Daar was dus 'n strewe dat elkeen bokant die ander een se kop wou uitgroei, sodat hy die baas/heerser/belangrikste een sou wees

'n Gelowige loop nie en verheffing soek nie. Hy dien in navolging van Jesus Christus.

Maar julle, laat jul nie Rabbi noem nie, want een is julle leermeester: Christus, en julle is almal broeders. (Matteus 23:8 AFR53)

In die gemeente moet daar nie 'n "klasseverskil" wees nie: 'n Lerende groep en 'n luisterende (dom) groep nie.

- Daar moet nie beter/hoër lidmate wees nie.
- Almal is gelyk in Jesus Christus en buig in gehoorsaamheid voor Hom.
- Ons leer mekaar op die styl van Jakobus 5:19, 20.

Broeders, as een onder julle van die waarheid afgedwaal het en iemand hom bekeer, laat hy weet dat die een wat 'n sondaar van sy dwaalweg bekeer, 'n siel uit die dood sal red en 'n menigte sondes sal bedek. (Jakobus 5:19-20 AFR53)

Jakobus gee ook die rede waarom hy hierdie vermaning rig:

omdat julle weet dat ons 'n groter oordeel sal ondergaan.

- As ons as leraars in die gerig voor God verskyn, gaan ons oor heelwat meer verantwoording doen as net oor ons lewens.
- Die dinge wat ons geleer het gaan ook getoets en geoordeel word.
- Dus: 'n uitgebreider vonnis. Dit sluit aan by 1 Korintiërs 3:14, 15:

As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang; as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen. (1 Korintiërs 3:14-15 AFR53)

Let op die volgende woorde: omdat julle weet

- Die Jodechristene het goed geweet van 'n verswarende oordeel oor mense wat hulle oor ander verhef en hulle dan met dwaalleer mislei.
- Die leraarsamp moet dus "gereserveer" word vir die wat deur die Here daartoe geroep word, en moet nie bepaal word deur elke mens se eie strewe nie.

Die feit dat hy die woord ons aan die einde gebruik, beteken dat hy homself groepeer onder diegene wat deur die Here geroep is om leraars te wees.

Vers 2

Want ons almal struikel dikwels. As iemand in woorde nie struikel nie, is hy 'n volmaakte man, in staat om ook die hele liggaam in toom te hou. (Jakobus 3:2 AFR53)

Daar is niemand wat nie dikwels sonde doen nie.

- Die woord struikel dui daarop dat die sonde ons darem nie heeltemal platkry nie:
- Ons verloor dikwels balans, maar ons val nie so in sonde dat ons ongelowig raak nie. Ons kry weer ons balans terug.

Die Here beklemtoon dat veral woorde/praatwerk/ons tong die oorsaak is van baie sondes waarin ons val.

- Dit sluit natuurlik aan by die vorige vers: As iemand 'n leraar/leermeester wil wees, loop hy nog meer gevaar om verkeerde dinge te praat.
- So iemand het 'n beter kans om met woorde sonde te doen.

Let op hoe sny die Heilige Gees die een wat wil stry se hoogmoed of selfversekering af:

As iemand in woorde nie struikel nie, is hy 'n volmaakte man

Baie prakties word hier gesê dat daar nie so 'n man bestaan nie!

- Daarom bestaan die daaropvolgende ook nie: daar is nie 'n mens wat in staat is om ook die hele liggaam in toom te hou nie.
- Die bedoeling is duidelik:
 - As iemand nie eers een liggaamsdeel, naamlik sy tong, kan beheer nie,
 - is dit nog minder moontlik om jou hele liggaam met al sy drange in toom te hou.
- Die bedoeling is duidelik:
 - Hierdie een sonde, naamlik tong/praatsonde doen almal maklik.
 - Almal sal alle ander sondes ook net so maklik doen!

Die feit is: mens se tong is die moeilikste ding wat daar is om te bedwing.

Vers 3

Kyk, ons sit stange in die perde se bekke, sodat hulle ons gehoorsaam kan wees, en ons stuur hulle hele liggaam daarmee. (Jakobus 3:3 AFR53)

Soos wat Jakobus se styl is, lig hy nou eers sy voorbeeld toe met 'n voorbeeld.

- 'n Mens sit 'n stang in 'n perd se bek.
- Die stang druk ons tussen die perd se tande deur.
- Maar met die stang bestuur ons nie net die dier se bek nie, ons bestuur die hele perd.

Net so beheer 'n mens se woorde wat uit sy mond uitgaan sy hele lewe (dikwels negatief). Dikwels verinnuweer iemand se tong nie net sy eie lewe nie, maar ook ander mense s'n.

Vers 4

Kyk, ook die skepe, alhoewel hulle so groot is en deur hewige winde voortgedryf word, word gestuur deur 'n baie klein roer net waarheen die stuurman wil. (Jakobus 3:4 AFR53)

Hier word nog 'n voorbeeld gegee om die vermaning toe te lig: Pasop, deur klein dingetjies (die tong) reg te bestuur, oefen jy beheer uit oor groot dinge (jou hele lewe).

'n Klein dingetjie regeer 'n groot ding:

- 'n Skip se stuur is baie klein in verhouding met die hele skip.
- Dis nog kleiner as dit gemeet word langs die hewige winde wat dikwels oor skepe woed.

- Tog stuur die roer die skip willekeurig waarheen dit moet gaan.

Vers 5

Net so is die tong ook 'n klein lid en beroem hom op groot dinge – kyk hoe 'n groot hoop hout steek 'n klein vuurtjie aan die brand. (Jakobus 3:5 AFR53)

Hier is die toepassing op die beeld van die tong:

In vergelyking met die ander liggaamsdele is die tong maar klein – maar nogtans is dit tot groot dinge in staat!

- Die tong kan roem en spog.
- Dit kan goeie en verkeerde dinge sê.

Die stelling word dadelik toegelig met 'n beeld:

'n Klein vuurtjie kan 'n baie groot hoop hout aan die brand steek.

Die beeld wyk af van die vorige twee beelde:

- 'n Toom hoort by 'n perd
- 'n Roer hoort by 'n skip
- Maar vuur hoort nie by hout nie!
 - Hierdie derde vergelyking se inhoud is dus: Pasop, jou tong kan dinge kwytraak wat jou in groot vlamme kan laat beland waar jy nie behoort te wees nie (en ook nie graag sal wil wees nie)!

Vers 6

Die tong is ook 'n vuur, die wêreld van ongeregtigheid. Net so 'n plek neem die tong onder ons lede in; dit besmet die hele liggaam en steek die hele lewensloop aan die brand en word uit die hel aangesteek. (Jakobus 3:6 AFR53)

Die vers beklemtoon in die algemeen drie dinge:

- Die tong is 'n klein lid van die liggaam.
- Die tong oefen invloed uit oor die hele liggaam.
- Die tong staan sterk onder die mag van die sonde.

Daarom sê Jakobus dat die tong soos 'n vuur werk. Maar inderdaad nog erger:

- Die tong is 'n onregverdige wêreld – weereens 'n beeld/vergeljking. Maar dié keer 'n baie slegte een!
- Dit beteken dat die wêreld veral deur ons tong openbaar dat dit onregverdig is.

Omdat die tong onder die heerskappy van die sonde staan, werk dit soos 'n vuur wat alles aan die brand steek en dan buite beheer raak:

- Lieg, laster, smaal, haatspraak, afjak en verneder (wat alles nog?).
- Dit brand die mense wat daaronder deurloop se lewens weg soos hout wat as word.
- Iemand wat sy eer eenkeer deur laster en skinder verloor het, kry dit nooit weer werklik terug nie, want dit wat gesê is, bly altyd iewers vassteek by mense.

Dan is daar 'n tweede beeld – wat ook 'n toepassing is van die eerste beeld:

- Die tong is 'n liggaamsdeel – maar 'n liggaamsdeel wat besmet!
 - Dit maak siek – dit maak vuil!
 - Die sonde van die tong besmet die hele liggaam

Vergelyk:

Want ook die liggaam is nie een lid nie, maar baie. (1 Korintiërs 12:14 AFR53)

- Dit steek jou hele lewensloop aan die brand

Die woord wat met lewensloop vertaal word, kom van die woord ????? wat hardloop beteken. In ander verbuigings beteken die woord wiel.

Hier beteken dit die voortsnel van jou lewe: lewensloop

- Jou tong is dus die rat waarrondom jou lewe sy loop neem. As jy met jou tong die Here bely en jou werke bewys jou belydenis, lewe jy ewig by God in sy koninkryk.
- As jou tong lieg en bedrieg en kwaad saai, eindig jy op die aarde waarskynlik in die tronk en in die hiernamaals in die hel.
- steek die hele lewensloop aan die brand en word uit die hel aangesteek
- As jou tong sulke dinge aanvang, word dit uit die hel aangesteek en dit brand terug direk daarheen.

Daarmee toon Jakobus aan dat die tong se sondes die ongelowiges in die ewige hel instort.

Vers 7, 8

Want elke soort natuur van wilde diere en voëls en kruipende sowel as seediere word getem en is getem deur die menslike natuur. Maar die tong kan geen mens tem nie; dit is 'n onbedwingbare kwaad, vol dodelike gif. (Jakobus 3:7-8 AFR53)

Weer 'n vergelyking. Die doel van hierdie vergelyking is om die waarheid in vers 6 te bewys.

- Die mens het sy eie aard, net soos elke groep diere elkeen sy eie aard en natuur het.
- Die mens het in die hede en die verlede heerskappy oor die diere uitgeoefen.
- Dit steek baie skerp af teen die mens se tong – want dié kan hy nie beheer nie. So groot is die mag van die tong!

Die tong het twee slegte eienskappe:

- Dit is 'n onbedwingbare kwaad.
- Dit is vol dodelike gif.

Met hierdie beskrywing bedoel Jakobus die algemene toestand onder al die mense (veral seker die heidene, maar helaas ook onder baie Christene).

Vers 9

Daarmee loof ons God en die Vader, en daarmee vervloek ons die mense wat na die gelykenis van God gemaak is. (Jakobus 3:9 AFR53)

Let op dat Jakobus meteens in die eerste persoon meervoud praat: ONS. Hyself is ingesluit.

Die tong laat elke mens in 'n tweeslagtige lewe verval:

- Met die tong loof ons God en die Vader.
 - God en die Vader is 'n samevoeging om die volle Drie-eenheid aan te dui: Nie net Jesus Christus nie en ook nie net God die Vader nie: God in die Volheid van die Drie-eenheid. Die Heilige Gees is vanself ingesluit, omdat Hy van die Vader en die Seun uitgaan.
 - Loof: Dis heerlik om God te mag en kan loof en prys!
- Maar dieselfde tong doen ook vreeslike dinge – hy vloek !
 - Die tong vloek mense.
 - Die bedoeling is nie dat die tong God vloek/vervloek nie.
 - Die bedoeling is bloot dat die tong die ding is waarmee ons teen ons naaste sonde doen.
 - Dis sonde om mense te vloek, want hulle is na die (beeld en) gelykenis van God geskape (gebore!).
- Die tong word dus gebruik om ten onregte God se straf in te roep op 'n lelike manier (=vloek) oor mense wat deur God geskape is met 'n bepaalde heerlikheid: Hulle is sy beelddraers.

Die sonde om te vloek, bederf dus dadelik die heerlikheid daarvan dat ons God loof.

- (Spreekwoord: Met dieselfde mond wat jy nou vloek, sing jy Sondag Halleluja!)
- Die tong bederf dus die vrugte van ons geloof as ons lelik praat!

Vers 10

Uit dieselfde mond kom seën en vervloeking. Dit, my broeders, behoort nie so te wees nie. (Jakobus 3:10 AFR53)

Die vers stel dieselfde saak as wat vers 9 stel.

- Hierdie vers stel dit net skerper dat hierdie dubbeldheid ook by die gelowiges (kerke) voorkom aan wie Jakobus geskryf het.
- Die my broeders wat in die sin staan, is om die (vergewende) liefde van God duidelik te stel.
- Die woord behoort/moet is om dit duidelik te stel dat die sonde nie onder gelowiges mag voorkom nie!

Vers 11, 12

'n Fontein laat tog nie uit dieselfde oog vars en bitter water opborrel nie? 'n Vyeboom, my broeders, kan tog nie olywe voortbring, of 'n wingerdstok vye nie? So kan geen fontein brak en vars water voortbring nie. (Jakobus 3:11-12 AFR53)

Die saak van die tong word nou toegelig met drie beelde:

- 'n Fontein het net een opening (mond):
 - 'n Fontein gee vars water
 - of bitter water
 - Die belangrikste is verswyg: Daar is geen ander moontlikheid as goed of sleg nie. Toegepas: Wat lewer jou tong op:
 - Loof jy God?
 - Of vloek jy mense?
 - Die bedoeling is duidelik:
 - Net wanneer jou tong die Here loof, is jou fontein vars.
 - As jy vloek, is jou fontein bitter.
- 'n Vyeboom kan net vye dra.

- As jy God loof, dra jou vyeboom vye.
- Vloek kan nie as 'n ander soort vrug – olywe – aan dieselfde (vyeboom) voorgehou word nie.
- As jy vloek, dra jy geen vye nie – dan word jy uitgekap.
- 'n Wingerdstok dra net duiwe
 - Vloek kan nie as vye voorgestel word wat ook deur die wingerd gedra word nie.
- Slotsom: Soet water kan nie bitter/brak water ook oplewer nie. Daarom: Ondersoek jouself:
 - Lewer jou fontein (mond) vars water – vrugte van die geloof?
 - Of lewer jou mond brak water – vrugte van die sonde?

Ons tonge moet dus op die ritme van die natuur die eenheid van die lof aan God en liefde vir ons naaste verkondig. Ons moenie 'n vals gespletenheid wil inbring of voorhou nie.

Al die voorbeelde wat op die ongerymdhede wys wat mens se tong alles aanvang, is om die gelowiges te waarsku: Pasop!

- Jou tongsondes versteur lewenseenheid.
- Dit tas die karakter van die Christelike lewe aan.

Verse 13-18

Wie is wys en verstandig onder julle? Laat hom uit sy goeie lewenswandel sy werke in sagmoedige wysheid toon. Maar as julle bittere afguns en selfsug in julle hart het, moenie roem en lieg teen die waarheid nie. Dít is nie die wysheid wat van bo kom nie, maar is aards, natuurlik, duiwels; want waar afguns en selfsug is, daar is wanorde en allerhande gemene dade. Maar die wysheid van bo is ten eerste rein, dan vredeliewend, vriendelik, geseglik, vol barmhartigheid en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins. En die vrug van die geregtigheid word gesaai in vrede vir die wat vrede maak. (Jakobus 3:13-18 AFR53)

Vers 13

Wie is wys en verstandig onder julle? Laat hom uit sy goeie lewenswandel sy werke in sagmoedige wysheid toon. (Jakobus 3:13 AFR53)

Hierdie perikoop het geen direkte verband met die vorige perikoop nie.

- Dit behandel 'n nuwe aspek van hoe 'n gelowige se lewe vrugte van die geloof oplewer.
- Soos Jakobus se skryfstyl is, gee hy nou eers 'n algemene stuk wat oor wysheid handel - teenoor die konkrete voorbeelde wat hy pas genoem het t.o.v. die tong.
- Hierdie perikoop behandel vrugte van die geloof soos wat dit uit 'n heilige lewenswandel/leefstyl na vore kom Wysheid word teenoor sonde gestel.

Let op dat hy die insnyding of oproep tot selfondersoek nie soos in die vorige perikoop doen, met die woorde my broeders nie. Hy vra doodgewoon die vraag aan elkeen persoonlik: Wie van julle is...?

Jakobus gebruik twee woorde wat normaalweg teenoor mekaar staan en hy gebruik hulle langs mekaar: Wys en verstandig. Daarmee skakel hy alle misverstand uit en ook enige manier waarop iemand met woordspel die openbaarmaking van sy geloof kan ontduik.

* Alle mense dink hulle is verstandig (elke meerkat dink sy eie stert het die meeste wol!).

o Verstandig beteken gewoonlik dat daardie betrokke mens dinge kan beredeneer en in helder perspektief stel.

o Daarvolgens bepaal hy dan sy optrede in 'n bepaalde saak.

* Wys is iets anders.

o Wysheid is 'n intuïtiewe optrede (en uitsprake) waarin iemand direk gelei word deur God die Heilige Gees.

o Wysheid doen dus intuïtief die goeie dinge - sonder om te gaan sit en somme maak en bereken wat reg en verkeerd is.

Jakobus vat die twee saam:

- Dit is 'n valse redenasie as 'n gelowige dink dat wysheid en verstandigheid geskei kan word.
- Waar die Heilige Gees werk en waar daar ware geloof is, is altwee hierdie dinge teenwoordig.
- Wysheid en verstandigheid kom saam tot openbaring in die geloofsvrugte wat mense lewer - as hulle ware geloof het!

Die spesifieke geloofsvrug waarvan hier sprake is, is sagmoedigheid.

- Dit help nie jy weet wat reg is, maar gaan tree verkeerd op nie.
- Ydelheid en pralende roem pas nie by 'n ware geloof nie.
- Wysheid en verstandigheid kom na vore in 'n sagmoedige lewensstyl waarin alles getuig word wat by God waar en reg is.

Ons moet die dinge wat ons doen in sagmoedigheid doen.

Vers 14

Maar as julle bittere afguns en selfsug in julle hart het, moenie roem en lieg teen die waarheid nie. (Jakobus 3:14 AFR53)

Waarom sou Jakobus die Joodse Christene vermaan het om hulle goeie werke in sagmoedigheid te doen?

- Omdat daar onder die klomp jong Christene bittere afguns en selfsug geheers het.

Vraag: Het dit ooit verander? Is dit nie waar dat elke gemeente vandag nog 'n aantal naywerige en afgunstige lidmate het wat ander se lewens verpes en besoedel nie?

- Afguns, naywer en selfsugtigheid is sonde.
- Al hierdie dinge is selfverheffing oor ander mense
 - Selfverheffing kan nie anders nie: dit loop uit op twis.
 - Die feit dat dit die aanleidende oorsaak was van alles wat Kaïn gedoen het, word duidelik deur die Bybel openbaar.
 - Dit stel dus die lewensreël van hierdie sonde.
- Hierdie sondes beteken dat die mens wat dit doen, 'n baie hoë premie stel op sy eie werke en eie wyskede.
- Hulle sien hulle verwaandheid en selfoorskating as vrugte van hulle geloof (Dis 'n FOUT!!!).

Die Here toon die werksplek aan waar hierdie sondes ontwikkel word: die hart!

- In die hart leef dinge soos naywer en selfsug en afguns.
- Wie die dinge in sy binneste rondra kan nie met sagmoedige wysheid goeie werke doen nie.
- Waarom nie? Omdat al sy werke nog vordat dit begin het, al besmet en bederf is met 'n sondige gesindheid.

...moenie roem... beteken: Jy weet of die dinge in jou hart besmet is met naywer en selfsug en en afguns.

- As jy dan weet dat hierdie sondes in jou hart is, moet dan nie aanhou maak asof jy wys en goed is nie.
- Jy doen dan sonde want jy hou jou wys teen die waarheid (wat deur die Heilige Gees gewerk en geopenbaar word!) in.

Vraag: As die Heilige Gees jou tot insig bring en jy hou aan om teen Hom in te veg en te oorheers met jou sondes - doen jy dan sonde teen die Heilige Gees of nie. Dit was dan presies wat die Satan gedoen het toe hy in sonde geval het!?

...lieg teen die waarheid... As jy lieg teen die waarheid, is jou kans nog slegter om tot bekering te kom.

- Waarheid is hier die volle openbaring van God ten opsigte van ons verlossing en bekering.
- Dit is die suiwere leer van alles wat die Here Jesus Christus gedoen het om ons met God te versoen - en te herskep.

Roem en lieg word eintlik as sinonieme vir mekaar gebruik om die saak van oneerlikheid teenoor jouself te onderstreep en te versterk.

Die waarheid is dus dat jy weet jy is nie so wys en goed soos wat jy maak asof jy dit is nie - maar jy hou aan met jou houding wat jy inneem teenoor ander mense!

Jou dwaasheid bring dus jou lewenswandel aan die lig - en dan kan almal uit jou werke sien dat jy nie werklik in God glo nie!

Vers 15

Dit is nie die wysheid wat van bo kom nie, maar is aards, natuurlik, duiwels; (Jakobus 3:15 AFR53)

Hierdie is die konklusie: By so 'n mens ontbreek die ware wysheid.

NB: Hier is 'n parallel tussen hierdie soort "wysheid" en die geloof van die demone in hoofstuk 2:19.

Die wysheid wat sy lesers aan die dag lê is dus inderdaad geen ware wysheid nie.

- Die soort van wysheid wat met afguns, naywer, selfsug en rusiemakery gepaard gaan, is nie 'n wysheid wat van Bo kom nie.
- Dis nie wysheid wat as 'n goeie gawe van God af op die gereddes neerdaal nie.

Dit is 'n aardse wysheid.

- Aardse wysheid is 'n wysheid wat onder die oordeel van God staan as gevolg van al die ongeregtigheid wat daarin vasgevang is.
- Natuurlik: Die woord kan baie moeilik vertaal word. Dit beteken iets soos "sielig" maar dan bedoel dit op iets soos aardse ligsinnigheid. Dit dui op 'n soort sielelewe wat geen wedergeboorte of bekering deurgemaak het nie..
 - Paulus gebruik ook die woord:

Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word. (1 Korintiërs 2:14 AFR53)

'n Natuurlike liggaam word gesaai, 'n geestelike liggaam word opgewek. Daar is 'n natuurlike liggaam, en daar is 'n geestelike liggaam. (1 Korintiërs 15:44 AFR53)

Die geestelike ewenwel is nie eerste nie, maar die natuurlike; daarna die geestelike. (1 Korintiërs 15:46 AFR53)

- Demonies: Hierdie woord is erg! Dit beskryf die soort van wysheid as eie aan die bese geeste.

Vers 16

want waar afguns en selfsug is, daar is wanorde en allerhande gemene dade. (Jakobus 3:16 AFR53)

Die Bybel gee nog weer 'n keer toeligting op die gevolge van die soort van dwase wysheid wat onder gelowiges voorkom.

- Daarmee bewys die Here vir die gemeente dat dit nie 'n wysheid is wat enigsins verkwiklik is nie.
- Daardie soort wysheid het dinge in hom wat eie is aan die natuurlike lewe (= sondige lewe). Vergelyk hierby vers 11 en 12:

'n Fontein laat tog nie uit dieselfde oog vars en bitter water opborrel nie? 'n Vyeboom, my broeders, kan tog nie olywe voortbring, of 'n wingerdstok vye nie? So kan geen fontein brak en vars water voortbring nie. (Jakobus 3:11-12 AFR53)

* Die verkeerde (demoniese) wysheid loop uit op dinge wat eie is aan die duiwels: naywer, selfsug, afguns en wanorde.

Wanorde is dieselfde as onberekenbaarheid en onvastheid, want niemand weet waar gaan iemand met dwase wysheid heen nie.

- Al wat vas is, is dat dit moeilikheid en spanning tot gevolg het..
- Hierdie ondeugde lei tot die gebruik van allerhande sondige dinge wat gebeur.
- Die Bybel noem dit allerhande gemene dade.

Jou eie wysheid wat nie van God af kom nie, laat dus die gemeente van God verlaag in allerhande slegte dinge en laaghede wat eie is aan die duiwel - en dan vertoon die kerk nie meer die beeld van God nie.

Vers 17

Maar die wysheid van bo is ten eerste rein, dan vredeliewend, vriendelik, geseglik, vol barmhartigheid en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins. (Jakobus 3:17 AFR53)

Teenoor al die dwaashede wat as wysheid voorgestel word, openbaar die Heilige Gees nou wat ware wysheid is.

Die hemelse wysheid is anders as aardse wysheid

- Hemelse wysheid is suiwer/rein
 - Dit het nie allerhande bybedoelings of 'n verskuilde agenda nie.
- Hemelse wysheid is vredeliewend
 - Dit soek nie rusie nie, en veroorsaak ook nie twis nie.
- Hemelse wysheid is vriendelik
 - Dis toegeeflik, want dit luister ook na ander mense. Dit beoordeel alles baie nugter en

sonder om (vooraf) vyandig te wees.

- Hemelse wysheid is geseglik
 - Dit laat toe dat dit oorreed kan word deur 'n standpunt wat beter is en wat reg is.
 - Dit laat die nugterheid van die een wat dit het, uitkom, sodat almal dit kan sien.
- Hemelse wysheid is vol barmhartigheid
 - Jakobus prys hierdie deug dikwels aan:

Reine en onbesmette godsdienst voor God en die Vader is dít: om wese en weduwees in hulle verdrukking te besoek en jouself vlekkeloos te bewaar van die wêreld. (Jakobus 1:27 AFR53)

Want die oordeel sal onbarmhartig wees oor die wat geen barmhartigheid bewys het nie; en die barmhartigheid roem teen die oordeel. (Jakobus 2:13 AFR53)

As daar nou 'n broeder of suster naak is en aan die daaglikse voedsel gebrek het, en een uit julle sou vir hulle sê: Gaan heen in vrede, word warm, word versadig, maar julle gee hulle nie wat vir die liggaam nodig is nie—wat baat dit? (Jakobus 2:15-16 AFR53)

Goeie vrugte dui weer op die feit dat die binnekant van jou geloof in die buitekant van jou werke tot openbaring kom: Mense kan dit sien.

Onpartydig en ongeveins sluit aan by die gedeelte wat daarvoor gehandel het dat hy geskryf het dat mens nie die persoon aanneem nie (Jakobus 2:1-7)

- Iemand met ware wysheid behandel alle mense gelyk.
- Hy het nie voorkeur of “witbroodjies” onder die medegelowiges nie.

Vers 18

En die vrug van die geregtigheid word gesaai in vrede vir die wat vrede maak. (Jakobus 3:18 AFR53)

Vrug is die vrug van wysheid.

- Dit word gekarakteriseer deur geregtigheid.
- Dit dra die merktekens van God se reg.

Iemand wat ware wysheid het, se lewe vertoon dus die vrug dat dit in ooreenkoms is met die wet van die Here.

- Die vrugte wat so iemand se lewe dra, is dus die vrugte van 'n nuwe lewe.
- Dit saai die evangelie in vrede en daarom dra dit ook vrugte vir ander mense.
- Hulle voorbeeld van wysheid kry inslag by die almal wat vrede najaag.
- Hulle ervaar die vrede wat ware wysheid uitstraal en neem dit vir hulleself ook oor. Dan gaan maak hulle weer daarmee vrede.
- So word God se wysheid in vrede uitgedra en onder die mense versprei..

God se wysheid en sy vrede kom dus duidelik in die ware wysheid en die vrede wat opregte gelowiges uitstraal.